

verontwaardig ontbloot

hercules opperman

Markus 14:3-9

³En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar 'n vrou met 'n albaste fles met egte, baie kosbare nardussalf; en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit. ⁴En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind?

⁵Want dit kon vir meer as drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar. ⁶Maar Jesus sê: Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen. ⁷Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie.

⁸Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf. **⁹**Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar **sal ook gesprek word van wat sy gedoen het,** tot 'n gedagtenis aan haar

a. verontwaardig (v4)

b. aan my gedoen (v6)

**c. wat sy kon, het sy gedoen
(v8)**

2 Petrus 1:14

omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het.

Handelinge 20:24

Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig.

**d. wat sy gedoen het sal
verkondig word**

Johannes 12:4-6

⁴Toe sê een van sy dissipels, Judas Iskariot, die seun van Simon, wat Hom sou verrai: ⁵Waarom is hierdie salf nie vir drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee nie? ⁶En dit het hy gesê, nie omdat hy oor die armes besorg was nie, maar omdat hy 'n dief was en die beurs gehad het en die bydraes geneem het.